

Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948



Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za



Goeiedag

Hierdie jaar het voorwaar baie meer uitdagings, as wat ons gewoonlik het. Ek, Charmaine Kriek, tree op as bemarker van die skool. Ek wil graag onder u aandag bring, waarvoor ek by die skool verantwoordelik is en wat die projekte wat sover geïdentifiseer is, aan u bekend maak:

- Ek is verantwoordelik vir die algemene bemerking van ons skool.
- Ek is die koördineerder tussen die Ouervereniging en die skool.
- Ek is ook die koördineerder van die fondsinsamelingsprojekte, tussen die prefekte-ouers en die skool.
- Ek is verantwoordelik vir advertensiespasië op die skool se palissades en die skool se nuusbriëf. Skakel my gerus indien u belangstel. (Bylaag B en C)
- Die deurlopende fondsinsamelingsprojekte, soos die **swartsakke**, **My School- kaart** en die **Makro- kaart** en Dis-Chem se "School Days" projek, resoteer onder my. Inligting hieroor is op 'n vorige geleentheid aan u gestuur.
- Ons **verkoop sterk, groen vullissakke** met die skool se logo op. Die sakke is beskikbaar @ R50 per pak van 20 sakke. (750 x 1200 x 35 micron) .
- Vaalpark Primêre Skool neem al vir die afgelope 7 jaar aan die EKO SKOOLPROJEK deel. Ons het reeds aan die einde van 2018 ons Internasionale Eko-Groenvlag ontvang. Begin gerus solank jul koeldrankdoppies en broodsakkieknippe insamel. Hierdie projek verseker 'n minder bevoorregte persoon, 'n rolstoel. Inhandigingsdatum sal later aan u deurgegee word.
- Ons gaan voort met die Waardegedrewe skool. Ons streef daarna om die sewe waardes uit te leef en die kinders meer bewus te maak van ons Valie- waardekultuur. Ons doelwit is om almal só deel te maak van ons skool. Ons het 'n Vrydagdrag met die sewe waardes op. Ons wil 'n beroep op elkeen van u doen, om asb. vir u kind 'n Vrydaghempie aan te skaf. Die hempies is by die klereverskaffers beskikbaar. (Bylaag A)
- Ons het ook 'n "Kinders -1ste" projek. Ons kyk na kinders in die skool, wat moontlik finansieel swaarkry en ons verleen hulp aan hulle.
- Vaalpark Primêre Skool sal graag ook in ons gemeenskap wil help, waar daar 'n behoefte is. Ons wil hierdie jaar elke kwartaal 'n "Opehand- projek" doen. Ons het reeds kwartaal 1 se projek hanteer. Dankie aan al die ouers wat hierdie projek ondersteun het. Raak gerus by hierdie aksies betrokke.

Indien u met my in verbinding wil tree oor enige van die bg. aangeleenthede, skakel my gerus. Besoek ook gerus ons Facebook, dis ons effektiëste bemerkingsmiddel en ons is baie trots daarop.

Charmaine Kriek
Bemarker
charmaine@vaalparkprim.co.za

0837852585

Vaalpark Primêre Skool het in 2018, ons Vrydaghempies bekendgestel. Ons wil egter 'n beroep op elkeen van u doen, om asb. vir u kind 'n Vrydaghempie aan te skaf.

Hierdie hempies is by die skool se uniformverskaffer beskikbaar. Hierdie hempies gaan/mag op Vrydae gedra word.

Leerders het 'n opsie om een van die 7 waardes (hempie) aan te koop. Hul kan ook kies of hul dit in Afr. of in Eng. wil hê.



Vaalpark Primêre Skool se 7 waardes en waarvoor dit staan

LIEFDE is: OMGEE (Rooi)

Help en beskerm

RESPEK is: WAARDE (Groen)

Hanteer mense en besittings as waardevol

SELFDISSIPLINE is: REGTE OPTREDE (Geel)

Elke keer die REGTE optrede op die REGTE PLEK en TYD

AANSPREEKLIKHEID is: ANTWOORDE (Blou)

Om bereid te wees om antwoorde te gee vir jou optrede

BETROUBAARHEID is: VERTROUE (ORANJE)

DOEN WAT JY GESÊ HET JY SAL

LEIERSKAP is: INVLOED (Pers)

Om op te staan vir wat jy glo

DIVERSITEIT is om te AANVAAR – (Grys)

Aanvaar mekaar se verskille

Bylaag B

Advertensie in die nuusbriëf

Die kostes beloop R400 'n keer. Die advertensie en betaling of bewys van betaling, moet in my besit wees, teen die einde van 'n werksdag, op 'n Maandag. Die advertensie word dan ook op die webblad geplaas vir latere verwysing, indien die ouers dit sou wou gaan soek.

Daar gaan 1700 e-posse aan die ouers uit. Die advertensie word op die web geplaas en die dokument word onder bronne op die "school communicator" geplaas.

Die advertensie moet in 'n Word-formaat of JPEG of PDF format (kleinste formaat asb) wees.

BANKBESONDERHEDE

ABSA

Rekeningnr. 520861106

Takkode. 632005

Tjekrekening

ADVERTENSIESPASIE OP SKOOL SE PALISSADE

Vaalpark Primêr wil graag van die geleentheid gebruik maak om u in kennis te stel dat palissades vir advertensiespasie by die skool beskikbaar is. Die koste verbonde aan die advertensiespasie, beloop R2500-00 per jaar. Neem asb. kennis dat die bedrag met R100 per jaar, eskaleer.

Indien u sou belangstel om 'n advertensiespasie by ons skool te huur, sal u firma self vir die maak van die advertensiebord, verantwoordelik wees. Die bord moet aan die volgende afmetings voldoen: 1,225 x 2,445m.

Vaalpark Primêre Skool kan egter geen verantwoordelikheid aanvaar, indien u bord skade sou ly nie. Indien u, om welke rede ookal, besluit om u advertensie te verwyder voordat 'n jaar verstreke is, sal daar ongelukkig geen terugbetaling kan geskied nie.

Die skool se bankbesonderhede is as volg:

ABSA, Rekening nr. 520861106, Tak nr. 632005, Tjekrekening.

Indien u sou belangstel, kan die bedrag elektronies in die skool se rekening inbetaal word. Stuur asb. bewys van betaling deur, vir aandag: Charmaine Kriek

Vir enige verdere navrae, is u welkom om me. Charmaine Kriek (Bemarker) te kontak by:

Kantoorure : (016) 971 2012/3 of na- ure: 083 785 2585 of

email: charmaine@vaalparkprim.co.za